



OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

R0,30 Friday 15 March 1985 WINDHOEK Vrydag 15 Maart 1985 No. 5014

CONTENTS:

INHOUD:

	<i>Page</i>		<i>Bladsy</i>
GOVERNMENT NOTICES		GOEWERMENSKENNISGEWINGS	
No. AG. 29 Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964): Maximum deposits on returnable containers and refund of such deposits.	2	Nr. AG. 29 Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964): Maksimum deposito's op terugstuurbare houers en terugbetaling van sodanige deposito's	2
No. AG. 30 Admission of persons to the Republic Regulation Act, 1972: Authorization to sign certain documents	3	Nr. AG. 30 Wet op die reëling van die toelating van persone tot die Republiek, 1972: Magtiging om sekere dokumente te onderteken	3
No. AG. 31 Withdrawal of declaration of area as private game park	3	Nr. AG. 31 Intrekking van verklaring van gebied tot private wildtuin	3
No. AG. 32 Request that a road be declared a proclaimed district road (Number 212): District of Karasburg	4	Nr. AG. 32 Versoek dat 'n pad tot geproklameerde distrikspad (Nommer 212) verklaar moet word: Distrik Karasburg	4
No. AG. 33 Proclamation of roads across communal land of the Kavangos: District of Kavango	5	Nr. AG. 33 Proklamering van paaie oor die gemeenskaplike grond van die Kavango's: Distrik Kavango	5
No. AG. 34 Price Control: Maximum Prices of fresh full cream milk: Amendment of	9	Nr. AG. 34 Prysbeheer: Maksimumpryse van vars volroommelk: Wysiging van	9

Government Notices

Goewermentskennisgewings

Office of the
**ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
 TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA**

Kantoor van die
**ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
 GEBIED SUIDWES-AFRIKA**

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. AG. 29 1985

PRICE CONTROL ACT, 1964 (ACT 25 OF 1964): MAXIMUM DEPOSITS ON RETURNABLE CONTAINERS AND REFUND OF SUCH DEPOSITS

Under the powers vested in me by section 5 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), I hereby -

1. repeal Government Notices AG. 110 of 1981 and AG. 137 of 1982; and

2. prescribe -

(a) that the maximum amount of any deposit which may be required in respect of the return of a returnable container mentioned in column 2 of the Schedule in which goods mentioned in column 1 of the Schedule are sold, shall be the amount mentioned in column 3 of the Schedule; and

(b) that, irrespective of the amount of any deposit made, a seller of goods mentioned in column 1 of the Schedule shall refund the amount mentioned in column 3 of the Schedule to any person who offers to the said seller in an undamaged state a returnable container mentioned in column 2 of the Schedule in which goods so mentioned of the trade mark in which the said seller deals, have been sold.

P.R. KRUGER

Price Controller Windhoek, 26 February 1985

SCHEDULE

COLUMN 1	COLUMN 2	COLUMN 3
GOODS	CONTAINER OF GOODS	AMOUNT
Soft drinks	Per returnable bottle with a content of less than 750 ml	15c
Soft drinks	Per returnable bottle with a content of 750 ml up to and including 1 000 ml	30c
Soft drinks	Per returnable bottle with a content of more than 1 000 ml	40c

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

Nr. AG. 29 1985

WET OP PRYSBEHEER, 1964 (WET 25 VAN 1964): MAKSIMUM DEPOSITO'S OP TERUGSTUURBARE HOERS EN TERUGBETALING VAN SODANIGE DEPOSITO'S

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), -

1. herroep ek hierby Goewermentskennisgewings AG. 110 van 1981 en AG. 137 van 1982; en

2. skryf ek hierby voor -

(a) dat die maksimumbedrag van enige deposito wat geëis kan word ten opsigte van die terugbesorging van 'n terugstuurbare houer in kolom 2 van die Bylae vermeld waarin goedere in kolom 1 van die Bylae vermeld verkoop word, die bedrag is wat in kolom 3 van die Bylae vermeld word; en

(b) dat, ongeag die bedrag van enige deposito wat gestort is, 'n verkoper van goedere in kolom 1 van die Bylae vermeld, die bedrag in kolom 3 van die Bylae vermeld, moet terugbetaal aan enigiemand wat 'n terugstuurbare houer in kolom 2 van die Bylae vermeld waarin sodanige goedere van 'n handelsmerk waarin bedoelde verkoper handel dryf, verkoop is, in 'n onbeskadigde toestand aan bedoelde verkoper aanbied.

P.R. KRUGER

Pryskontroleur Windhoek, 26 Februarie 1985

BYLAE

KOLOM 1	KOLOM 2	KOLOM 3
GOEDERE	HOUER VAN GOEDERE	BEDRAG
Koel-drink	Per terugstuurbare bottel met 'n inhoudsmaat van minder as 750 ml	15c
Koel-drink	Per terugstuurbare bottel met 'n inhoudsmaat van 750 ml tot en met 1 000 ml	30c
Koel-drink	Per terugstuurbare bottel met 'n inhoudsmaat van meer as 1 000 ml	40c

Soft drinks	Per returnable full depth plastic crate	R5,00	Koel-drink	Per terugstuurbare voldiepte plastiekkrat	R5,00
Beer	Per returnable bottle with a content of 500 ml	10c	Bier	Per terugstuurbare bottel met 'n inhoudsmaat van 500 ml	10c
Beer	Per returnable bottle with a content of 750 ml	15c	Bier	Per terugstuurbare bottel met 'n inhoudsmaat van 750 ml	15c
Beer	Per returnable full depth plastic crate	R3,00	Bier	Per terugstuurbare voldiepte plastiekkrat	R3,00

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND
MANPOWER

No. AG. 30 1985

ADMISSION OF PERSONS TO THE
REPUBLIC REGULATION ACT, 1972:
AUTHORIZATION TO SIGN CERTAIN
DOCUMENTS

Under section 53(2) of the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972), I hereby authorize the undermentioned officers, being officers in the government service, to sign any order, warrant, permit, certificate or other document which may under the said Act be issued:

Maria Elizabeth van der Linde
Titus Malima Joseph
Philip van der Walt
Theo Munro

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General Windhoek 20 February 1985

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN
MANNEKRAG

Nr. AG. 30 1985

WET OP DIE REËLING VAN DIE
TOELATING VAN PERSONE TOT DIE
REPUBLIEK, 1972: MAGTIGING OM
SEKERE DOKUMENTE TE ONDERTEKEN

Kragtens artikel 53(2) van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972), magtig ek hierby die ondergenoemde beamptes, synde amptenare in die regeringsdiens, om 'n bevel, lasbrief, permit, sertifikaat of ander dokument wat kragtens genoemde Wet uitgereik kan word, te onderteken.

Maria Elizabeth van der Linde
Titus Malima Joseph
Philip van der Walt
Theo Munro

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal Windhoek, 20 Februarie 1985

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND
NATURE CONSERVATION

No. AG. 31 1985

WITHDRAWAL OF DECLARATION OF
AREA AS PRIVATE GAME PARK

In terms of section 22(4)(b) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), it is hereby made known that the Administrator-General has under section 22(4)(a) of the said Ordinance withdrawn the declaration as a private game park of the area described in the relevant paragraph of the Schedule to Proclamation 19 of 1974 and to which the name of Falkenstein Private Game Reserve was allotted.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN
NATUURBEWARING

Nr. AG. 31 1985

INTREKKING VAN VERKLARING VAN
GEBIED TOT PRIVATE WILDTUIN

Ingevolge artikel 22(4)(b) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 22(4)(a) van genoemde Ordonnansie die verklaring tot 'n private wildtuin van die gebied beskryf in die toepaslike paragraaf van die Bylae by Proklamasie 19 van 1974 en waaraan die naam Falkenstein Private Wildreserwe toegeken is, ingetrek het.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 32

1985

REQUEST THAT A ROAD BE DECLARED A PROCLAIMED DISTRICT ROAD (NUMBER 212): DISTRICT OF KARASBURG

In terms of section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Roads Board of Karasburg requests that the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1087 by the symbols D-D1-E-E1, be declared a proclaimed district road (number 212).

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the request refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Karasburg, during normal office hours.

Every person having any objection to the above-mentioned request is hereby commanded to lodge his objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Aussspanplatz, 9000, within thirty days from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

From a point (D on sketch-map P1087) on the farm Aussenkjer 147 generally eastwards across the said farm to a point (D1 on sketch-map P1087) on the said farm; thence generally south-south-eastwards across the said farm to a point (E on sketch-map P1087) on the common boundary of the said farm and the state land known as "Duifie se Vlakte"; thence generally south-south-eastwards across the said state land to a point (E1 on sketch-map P1087) on district road 212 on the said state land.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

Nr. AG. 32

1985

VERSOEK DAT 'N PAD TOT GEPROKLAMEERDE DISTRIKSPAD (NOMMER 212) VERKLAAR MOET WORD: DISTRIK KARASBURG

Ingevolge artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Karasburg versoek dat die pad wat in die Bylae beskryf en deur die simbole D-D1-E-E1 op sketskaart P1087 aangetoon word, tot geproklameerde distrikspad (nommer 212) verklaar moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatapaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Karasburg, ter insae beskikbaar wees.

Iedere persoon wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar met die gronde waarop dit gebaseer is, duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Aussspanplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Vanaf 'n punt (D op sketskaart P1087) op die plaas Aussenkjer 147 algemeen ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (D1 op sketskaart P1087) op genoemde plaas; van daar algemeen suidsuidooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (E op sketskaart P1087) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die staatsgrond bekend as "Duifie se Vlakte"; van daar algemeen suidsuidooswaarts oor genoemde staatsgrond tot op 'n punt (E1 op sketskaart P1087) op distrikspad 212 op genoemde staatsgrond.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 33

1985

PROCLAMATION OF ROADS ACROSS
COMMUNAL LAND OF THE KAVANGOS:
DISTRICT OF KAVANGO

It is hereby made known -

- (a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Administrator-General has under section 22(1)(a) of the said Ordinance proclaimed the roads on land where no road previously existed and defined the course thereof as described in Schedules I to XX and shown on sketch-map P1152;
- (b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Administrator-General has -
- (i) under section 23(1)(b) of the said Ordinance declared the road described in Schedule I and shown on sketch-map P1152 by the symbols A2-D-D1-D2-E-D3, to be a main road (number 110); and
- (ii) under section 23(1)(c) of the said Ordinance declared the road described in Schedules II to XX and shown on sketch-map P1152, to be district roads, in every case with the number stated in the particular Schedule.

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

The roads referred to in this notice run across, and are entirely situated on, the communal land of the Kavangos referred to in section 32 of the Representative Authority of the Kavangos Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 26 of 1980).

SCHEDULE I

From a point (A2 on sketch-map P1152) at the place known as Nkurenkuru generally south-eastwards to a point (D on sketch-map P1152) at the place known as Tondoro; thence generally east-south-eastwards to a point (D1 on sketch-map P1152); thence generally eastwards to a point (D2 on sketch-map P1152); thence generally eastwards to a point (D2 on sketch-map P1152); thence generally east-south-eastwards to a point (E

DEPARTEMENT VAN VERVOER

Nr. AG. 33

1985

PROKLAMERING VAN PAAIE OOR DE
GEMEENSKAPLIKE GROND VAN DIE
KAVANGO'S: DISTRIK KAVANGO

Hierby word -

- (a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 22(1)(a) van genoemde Ordonnansie oor grond waar voorheen geen pad bestaan het nie die paaie geproklameer en die loop daarvan bepaal het soos beskryf in Bylaes I tot XX en op sketskaart P1152 aangetoon;
- (b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Administrateur-generaal -
- (i) kragtens artikel 23(1)(b) van genoemde Ordonnansie die pad wat in Bylae I beskryf en deur die simbole A2-D-D1-D2-E-D3 op sketskaart P1152 aangetoon word, tot grootpad (nommer 110) verklaar het; en
- (ii) kragtens artikel 23(1)(c) van genoemde Ordonnansie, die paaie wat in Bylaes II tot XX beskryf en op sketskaart P1152 aangetoon word, tot distrikspaaie verklaar het, in elke geval met die nommer wat in die betrokke Bylae vermeld word.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

Die in hierdie kennisgewing bedoelde paaie loop oor, en is in hulle geheel geleë op die gemeenskaplike grond van die Kavango's bedoel in artikel 32 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Kavango's, 1980 (Proklamasie AG. 26 van 1980).

BYLAE I

Van 'n punt (A2 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Nkurenkuru algemeen suid-ooswaarts tot op 'n punt (D op sketskaart P1152) by die plek bekend as Tondoro; van daar algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (D1 op sketskaart P1152); van daar algemeen ooswaarts tot op 'n punt (D2 op sketskaart P1152); van daar algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (E op sketskaart P1152) by die plek bekend as Mupini;

on sketch-map P1152) at the place known as Mupini; thence generally east-south-eastwards to a point (D3 on sketch-map P1152) at the place known as Rundu.

SCHEDULE II

From a point (N1 on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4, generally southwards to a point (T on sketch-map P1152) on the southern boundary of the district of Kavango. (The number of the road described herein shall be 3309.)

SCHEDULE III

From a point (F on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4, generally southwards to a point (F1 on sketch-map P1152) at the place known as Hamoye; thence generally south-south-eastwards to a point (F2 on sketch-map P1152); thence generally south-eastwards and more and more east-south-eastwards to a point (F3 on sketch-map P1152) at the place known as Ncaute. (The number of the road described herein shall be 3400).

SCHEDULE IV

From a point (G on sketch-map P1152) on the road described in Schedule III generally eastwards to a point (G1 on sketch-map P1152). (The number of the road described herein shall be 3401).

SCHEDULE V

From a point (D3 on sketch-map P1152) at the place known as Rundu generally east-north-eastwards to a point (H on sketch-map P1152); thence generally eastwards to a point (H1 on sketch-map P1152); thence generally eastwards to a point (H2 on sketch-map P1152); thence generally east-north-eastwards to a point (J on sketch-map P1152) at the place known as Mashari; thence generally eastwards to a point (J2 on sketch-map P1152); thence generally east-south-eastwards to a point (J3 on sketch-map P1152); thence generally eastwards to a point (K on sketch-map P1152); thence generally east-south-eastwards and more and more eastwards to a point (K2 on sketch-map P1152); thence generally east-north-eastwards to a point (M1 on sketch-map P1152); thence generally east-north-eastwards to a point (N on sketch-map P1152); thence generally east-north-eastwards to a point (N2 on sketch-map P1152); thence generally east-north-eastwards to a point (N3 on sketch-map P1152); thence generally eastwards to a point (O on sketch-map P1152) at the place known as

van daar algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (D3 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Rundu.

BYLAE II

Van 'n punt (N1 op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4, algemeen suidwaarts tot op 'n punt (T op sketskaart P1152) op die suidelike grens van die distrik Kavango. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3309.)

BYLAE III

Van 'n punt (F op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4, algemeen suidwaarts tot op 'n punt (F1 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Hamoye; van daar algemeen suidsuidooswaarts tot op 'n punt (F2 op sketskaart P1152); van daar algemeen suidooswaarts en al meer oossuidooswaarts tot op 'n punt (F3 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Ncaute. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3400.)

BYLAE IV

Van 'n punt (G op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae III algemeen ooswaarts tot op 'n punt (G1 op sketskaart P1152). (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3401.)

BYLAE V

Van 'n punt (D3 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Rundu algemeen oosnoordooswaarts tot op 'n punt (H op sketskaart P1152); van daar algemeen ooswaarts tot op 'n punt (H1 op sketskaart P1152); van daar algemeen ooswaarts tot op 'n punt (H2 op sketskaart P1152); van daar algemeen oosnoordooswaarts tot op 'n punt (J op sketskaart P1152) by die plek bekend as Mashari; van daar algemeen ooswaarts tot op 'n punt (J2 op sketskaart P1152); van daar algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (J3 op sketskaart P1152); van daar algemeen ooswaarts tot op 'n punt (K op sketskaart P1152); van daar algemeen oossuidooswaarts en al meer ooswaarts tot op 'n punt (K2 op sketskaart P1152); van daar algemeen oosnoordooswaarts tot op 'n punt (M1 op sketskaart P1152); van daar algemeen oosnoordooswaarts tot op 'n punt (N op sketskaart P1152); van daar algemeen oosnoordooswaarts tot op 'n punt (N2 op sketskaart P1152); van daar algemeen oosnoordooswaarts tot op 'n punt (N3 op sketskaart P1152); van daar algemeen ooswaarts tot op 'n punt (O op sketskaart P1152) by die plek bekend

Kangongo; thence generally east-south-eastwards to a point (P on sketch-map P1152); thence generally east-south-eastwards to a point (Q on sketch-map P1152); thence generally east-south-eastwards to a point (R on sketch-map P1152) at the place known as Andara; thence generally east-south-eastwards to a point (S on sketch-map P1152); thence generally eastwards to a point (S1 on sketch-map P1152) at the place known as Bagani. (The number of the road described herein shall be 3402).

SCHEDULE VI

From a point (S1 on sketch-map P1152) at the place known as Bagani generally south-eastwards to a point (S2 on sketch-map P1152); thence generally westwards to a point (S3 on sketch-map P1152) on the road described in Schedule II. (The number of the road described herein shall be 3403.)

SCHEDULE VII

From a point (B on sketch-map P1152) on the western boundary of the district of Kavango generally east-south-eastwards to a point (B1 on sketch-map P1152) at the place known as Mpungu; thence generally south-eastwards to a point (B2 on sketch-map P1152); thence generally east-south-eastwards to a point (B3 on sketch-map P1152); thence generally eastwards to a point (B4 on sketch-map P1152); thence generally east-south-eastwards to a point (B5 on sketch-map P1152); thence generally eastwards and more and more east-north-eastwards to a point (B6 on sketch-map P1152) on the road described in Schedule I. (The number of the road described herein shall be 3404.)

SCHEDULE VIII

From a point (A on sketch-map P1152) on the western boundary of the district of Kavango generally eastwards to a point (A1 on sketch-map P1152); thence generally south-south-eastwards to a point (C on sketch-map P1152); thence generally south-eastwards to a point (A2 on sketch-map P1152) at the place known as Nkurenkuru. (The number of the road described herein shall be 3405).

SCHEDULE IX

From a point (A2 on sketch-map P1152) at the place known as Nkurenkuru generally south-south-westwards to a point (A3 on sketch-map P1152); thence generally west-south-westwards to a point (B3 on sketch-map P1152) on the road described in Schedule VII. (The number of the road described herein shall be 3406.)

as Kangongo; van daar algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (P op sketskaart P1152); van daar algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (Q op sketskaart P1152); van daar algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (R op sketskaart P1152) by die plek bekend as Andara; van daar algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (S op sketskaart P1152); van daar algemeen ooswaarts tot op 'n punt (S1 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Bagani. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3402.)

BYLAE VI

Van 'n punt (S1 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Bagani algemeen suidooswaarts tot op 'n punt (S2 op sketskaart P1152); van daar algemeen weswaarts tot op 'n punt (S3 op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae II. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3403.)

BYLAE VII

Van 'n punt (B op sketskaart P1152) op die westelike grens van die distrik Kavango algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (B1 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Mpungu; van daar algemeen suidooswaarts tot op 'n punt (B2 op sketskaart P1152); van daar algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (B3 op sketskaart P1152); van daar algemeen ooswaarts tot op 'n punt (B4 op sketskaart P1152); van daar algemeen oossuidooswaarts tot op 'n punt (B5 op sketskaart P1152); van daar algemeen ooswaarts en al meer oosnoordooswaarts tot op 'n punt (B6 op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae I. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3404.)

BYLAE VIII

Van 'n punt (A op sketskaart P1152) op die westelike grens van die distrik Kavango algemeen ooswaarts tot op 'n punt (A1 op sketskaart P1152); van daar algemeen suidsuidooswaarts tot op 'n punt (C op sketskaart P1152); van daar algemeen suidooswaarts tot op 'n punt (A2 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Nkurenkuru. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3405.)

BYLAE IX

Van 'n punt (A2 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Nkurenkuru algemeen suidsuidweswaarts tot op 'n punt (A3 op sketskaart P1152); van daar algemeen wessuidweswaarts tot op 'n punt (B3 op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae VII. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3406.)

SCHEDULE X

From a point (B1 on sketch-map P1152) at the place known as Mpungu generally east-north-eastwards to a point (C on sketch-map P1152) on the road described in Schedule VIII. (The number of the road described herein shall be 3407).

SCHEDULE XI

From a point (E on sketch-map P1152) at the place known as Mupini generally southwards to a point (E1 on sketch-map P1152). (The number of the road described herein shall be 3408).

SCHEDULE XII

From a point (J on sketch-map P1152) at the place known as Mashari generally south-south-eastwards to a point (J1 on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4. (The number of the road described herein shall be 3409).

SCHEDULE XIII

From a point (K on sketch-map P1152) on the road described in Schedule V generally southwards to a point (K1 on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4. (The number of the road described herein shall be 3410).

SCHEDULE XIV

From a point (K2 on sketch-map P1152) on the road described in Schedule V generally southwards to a point (L on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4. (The number of the road described herein shall be 3411.)

SCHEDULE XV

From a point (M1 on sketch-map P1152) on the road described in Schedule V generally southwards to a point (M on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4. (The number of the road described herein shall be 3412.)

SCHEDULE XVI

From a point (N on sketch-map P1152) on the road described in Schedule V generally southwards to a point (N1 on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4. (The number of the road described herein shall be 3413.)

SCHEDULE XVII

From a point (O on sketch-map P1152) at the place known as Kangongo generally southwards

BYLAE X

Van 'n punt (B1 op sketskaart P1152) by die plek bekend as Mpungu algemeen oosnoordooswaarts tot op 'n punt (C op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae VIII. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3407.)

BYLAE XI

Van 'n punt (E op sketskaart P1152) by die plek bekend as Mupini algemeen suidwaarts tot op 'n punt (E1 op sketskaart P1152). (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3408.)

BYLAE XII

Van 'n punt (J op sketskaart P1152) by die plek bekend as Mashari algemeen suidsuidooswaarts tot op 'n punt (J1 op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3409.)

BYLAE XIII

Van 'n punt (K op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae V algemeen suidwaarts tot op 'n punt (K1 op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3410.)

BYLAE XIV

Van 'n punt (K2 op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae V algemeen suidwaarts tot op 'n punt (L op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3411.)

BYLAE XV

Van 'n punt (M1 op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae V algemeen suidwaarts tot op 'n punt (M op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3412.)

BYLAE XVI

Van 'n punt (N op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae V algemeen suidwaarts tot op 'n punt (N1 op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3413.)

BYLAE XVII

Van 'n punt (O op sketskaart P1152) by die plek bekend as Kangongo algemeen suidwaarts tot op

to a point (O1 on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4. (The number of the road described herein shall be 3414.)

SCHEDULE XVIII

From a point (P on sketch-map P1152) on the road described in Schedule V generally southwards to a point (P1 on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4. (The number of the road described herein shall be 3415.)

SCHEDULE XIX

From a point (Q on sketch-map P1152) on the road described in Schedule V generally southwards to a point (Q1 on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4. (The number of the road described herein shall be 3416.)

SCHEDULE XX

From a point (R on sketch-map P1152) on the road described in Schedule V generally south-south-westwards to a point (R1 on sketch-map P1152) on trunk road 8, section 4. (The number of the road described herein shall be 3417.)

'n punt (O1 op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3414.)

BYLAE XVIII

Van 'n punt (P op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae V algemeen suidwaarts tot op 'n punt (P1 op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3415.)

BYLAE XIX

Van 'n punt (Q op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae V algemeen suidwaarts tot op 'n punt (Q1 op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3416.)

BYLAE XX

Van 'n punt (R op sketskaart P1152) op die pad beskryf in Bylae V algemeen suidsuidweswaarts tot op 'n punt (R1 op sketskaart P1152) op hoofpad 8, seksie 4. (Die nommer van die pad hierin beskryf is 3417.)

DEPARTMENT OF ECONOMIC AFFAIRS

No. AG. 34 1985

PRICE CONTROL: MAXIMUM PRICES OF FRESH FULL CREAM MILK: AMENDMENT OF

Under the powers vested in me by section 4 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), I hereby amend Government Notice AG. 102 of 1984 as set out in the Schedule.

P.R. KRUGER

Price Controller

Windhoek, 6 March 1985

SCHEDULE

1. Paragraph (1) is hereby amended by the insertion in the part which precedes subparagraph (a), before the word "retail", of the words "wholesale and".
2. The following Schedule is hereby substituted for the Schedule:

DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE SAKE

Nr. AG. 34 1985

PRYSBEHEER: MAKSIMUMPRYSE VAN VARS VOLROOMMELK: WYSIGING VAN

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), wysig ek hierby Goewermentskennisgewing AG. 102 van 1984 soos in die Bylae uiteengesit.

P.R. KRUGER

Pryskontroleur

Windhoek, 6 Maart 1985

BYLAE

1. Paragraaf (1) word hierby gewysig deur in die gedeelte wat subparagraaf (a) voorafgaan, voor die woord "kleinhandel", die woorde "groothandel en" in te voeg.
2. Die Bylae word hierby deur die volgende Bylae vervang:

"SCHEDULE

"BYLAE

WHOLESALE PRICES

GROOTHANDELPRYSE

CONTENT	MAXIMUM PRICES
1 litre	80c
500 ml	44c
250 ml	26c

INHOUD	MAKSIMUMPRYSE
1 liter	80c
500 ml	44c
250 ml	26c

RETAIL PRICES

KLEINHANDELPRYSE

CONTENT	MAXIMUM PRICES
1 litre	85c
500 ml	46c
250 ml	28c"

INHOUD	MAKSIMUMPRYSE
1 liter	85c
500 ml	46c
250 ml	28c"

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes Afrika